

Vereniging vir Tuisonderwys Association for Home Schooling

MEDIAVERKLARING / MEDIA RELEASE

6 Januarie 2005

Ouers verwerp onderwysdepartement se transformasie van tuisonderwys

Tydens 2004 het Gauteng Departement van Onderwys (GDO) verskeie vergaderings gehou met ouers wat tuisonderwys gee. Verteenwoordigers van die Vereniging vir Tuisonderwys (VTO) het al hierdie vergaderings bygewoon.

In September het die VTO 'n mediaverklaring uitgereik, waarin die VTO sy bekommernis uitgespreek het oor die gestelde intensie van die GDO om deur dwang ook tuisonderwys aan te wend as 'n middel om die regering se beginsels en waardes aan die volgende geslag oor te dra.

Dit is die reg van ouers om hulle eie beginsels en waardes aan hulle kinders oor te dra. Hierdie reg word deur die grondwet, die onderwyswet asook internasionale reg erken. Die optrede van die GDO is dus onwettig.

As gevolg van hierdie verwikkelinge het 'n groep ouers bymekaargekom en 'n koalisie van besorgde ouers genaamd, "*Vaders vir Oppergesag van die Reg*" gestig.

Dit is die doelwit van hierdie koalisie is om die GDO aan te spreek oor sy onwettige optrede ten einde hulle gesinne te beskerm teen onwettige owerheidsinmenging.

Die VTO het hom in die verlede sukses daarvoor beywer vir die wettige erkenning van tuisonderwys in die SA Skolewet. Met sy onlangse optrede is die GDO besig om op onwettige wyse die vryheid van tuisonderwys te ondermyn. Om die rede ondersteun die VTO die koalisie van besorgde ouers genaamd "*Vaders vir Oppergesag van die Reg*".

Vir verdere inligting kontak Bouwe van der Eems (082-907 9696).